

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAAN SA GRAIN SA	DATUM 2016/10/24		DATUM 2016/10/21				+ - WEEK GELEDE 2016/10/17			+ - MAAND GELEDE 2016/09/26			+ - JAAR GELEDE 2015/10/26		
	Data		Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data		
DJIA-index	18146	-16.64	↓	-0.1%	18162	↑	0.0%	18138	↑	0.3%	18095	↑	3.0%	17623	
Goud (Spot)	1263.95	1.57	↑	0.1%	1262.38	↓	0.8%	1253.62	↓	-5.3%	1335.00	↑	8.5%	1164.61	
Brent \$/vat	51.59	0.35	↑	0.7%	51.24	↓	-0.6%	51.88	↑	9.3%	47.22	↓	8.9%	47.36	
1 € / US\$	1.0869	-0.003	↓	-0.3%	1.0901	↓	-1.0%	1.0983	↓	-3.3%	1.1245	↓	-1.8%	1.1063	
1 US\$ / ZAR	13.95	-0.070	↓	-0.5%	14.02	↓	-2.6%	14.32	↑	2.7%	13.58	↑	2.1%	13.66	
Corn	R 1,933.12	-4	↓	-0.2%	R 1,937.30	↑	*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec Sept 12:00 the previous day								
Wheat	R 2,122.06	-26	↓	-1.2%	R 2,148.16	↑	*CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day								
Soybeans	R 5,038.61	0	↑	0.0%	R 5,038.14	↓	*CBOT Soy Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Nov 12:00 the previous day								
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)															
Corn Dec 16	352.00	1.00	↑	0.3%	351.00	↓	-1%	354.00	↑	7%	329.00	↓	-14%	408.00	
Wheat Dec 16	414.00	-3.00	↓	-0.7%	417.00	↓	-2%	421.00	↑	5%	396.00	↓	-24%	543.25	
Soybeans Nov 16	983.00	5.00	↑	0.5%	978.00	↓	2%	962.00	↑	4%	945.00	↑	11%	886.50	
Latest MTM prices (Recorded between 07:00 am - 08:00 am on the last two dates) SPOT = nearest contract month (Rands / tonne)															
SORGHUM Jul '17	3381.00	0.00	↑	0.0%	3381.00	↓	-1.4%	3430.00	↑	0.0%	3381.00	↓	NA	NA	
WMAZ Spot	3702.00	84.00	↑	2.3%	3618.00	↑	7.9%	3432.00	↓	-1.2%	3747.00	↑	19.1%	3108	
WMAZ Mar 17	3642.00	100.00	↑	2.8%	3542.00	↑	7.8%	3377.00	↑	1.8%	3578.00	↑	16.1%	3138	
WMAZ Jul 17	2685.00	-25.00	↓	-0.9%	2710.00	↑	1.2%	2653.00	↓	-1.1%	2715.00	↓	-6.4%	2868	
YMAZ Spot	3241.00	6.00	↑	0.2%	3235.00	↑	1.6%	3191.00	↑	6.9%	3032.00	↓	13.0%	2869	
YMAZ Mar 17	3151.00	-18.00	↓	-0.6%	3169.00	↑	1.0%	3121.00	↑	3.2%	3054.00	↓	9.5%	2878	
YMAZ Jul 17	2611.00	-14.00	↓	-0.5%	2625.00	↑	0.8%	2591.00	↑	1.2%	2580.00	↓	-3.4%	2702	
SOY Spot	6600.00	-50.00	↓	-0.8%	6650.00	↑	0.3%	6580.00	↑	6.5%	6200.00	↓	17.4%	5620	
SOY May 17	6070.00	-20.00	↓	-0.3%	6090.00	↓	-1.3%	6150.00	↑	2.1%	5948.00	↓	13.5%	5350	
SUN Spot	6400.00	17.00	↑	0.3%	6383.00	↑	1.1%	6328.00	↑	4.4%	6130.00	↓	2.5%	6241	
SUN May 17	5995.00	45.00	↑	0.8%	5950.00	↓	-1.0%	6053.00	↓	0.8%	5950.00	↓	2.5%	5850	
WHEAT Spot	4138.00	37.00	↑	0.9%	4101.00	↓	-0.2%	4148.00	↓	-1.3%	4191.00	↓	-6.5%	4424	
WHEAT May 17	4126.00	46.00	↑	1.1%	4080.00	↓	-4.0%	4300.00	↓	-4.4%	4316.00	↓	-7.3%	4451	
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE															
<p>Mark: Die rand verhandel rondom R13.95/\$ vanoggend wat sterker is as die R14.02/\$ van Vrydag 12:00. Die rand verhandel relatief stabiel teen hierdie vlakke, maar daar is egter 'n paar gebeurtenisse wat plaasvind hierdie week en wat 'n noemenswaardige impak op die rand kan hê. Die medium termyn begroting deur die Minister van Finansies wat Woensdag gedoen word, sal baie belangrik wees en baie fokus in die ekonomie sal daarop gerig wees. Beleggers sal ook die Valke se optrede dophou en enige uitlatings en/of aankondigings teenoor die Minister van Finansies voor die begroting sal as politieke taktiek en in 'n negatiewe lig gesien word. Die begrotingsrede sal kritiek wees vir SA wat reeds in 'n baie moeilike ekonomiese situasie sit met die syfers wat nie gunstig lyk nie. Die graderingsagentskappe sal ook die medium termyn begroting van Woensdag fyn dophou.</p> <p>Mielies: Die VSA mieliepryse het effe hoër gesluit in Vrydag se verhandeling en die Desember kontrakprys se verhandelingsvlakke was redelik binne die dag se verhandelingsbande gesluit. 'n Groot deel van die VSA se mielie Belt word verweg om droog te wees voor storms volgende week verweg word wat bo gemiddelde reënval in die eerste week van November na vore behoort te bring. Die stroopproses duur steeds voort in die VSA en die weervoorsigte sal dus belangrik wees en dit sal die tempo van die stroopproses beïnvloed. Die weeklikse produksie vorderingsverslag wat later vandag vrystel word deur die USDA, sal belangrik wees met die stroopproses wat verlede week effens stadiger as die 5 jaar gemiddelde tempo teen hierdie tyd was. Die mieliepryse het hoofsaaklik laer verhandel verlede week met die handelaars se verwagtinge dat die nuwe seisoen voorrade die mark teen 'n goeie tempo sal binnedring en die kontantmark pryse onder druk plaas. Die toename in pryse wat die afgelope ruk gesien was, het ook produsente aangemoedig om verskansingsverkope te doen, wat die pryse onder druk geplaas het. Die VSA weervoorsigte sowel as die tempo van stroop, sal belangrike faktore wees wat deur die VSA handelaars dopgehou sal word. Die Suid Amerikaanse aanplantings sal ook belangrik wees en groter area aanplantings word verweg in Argentinië vir die seisoen. Plaaslik: Die plaaslike mark het Vrydag gemeng verhandel, met die witmeliepryse wat sterk opwaarts gesluit het terwyl die geelmelie pryse onder druk gekom het en die dag laer afgesluit het. Die witmeliepryse het goed herstel en het twee agtereenvolgende dae limiete op gesluit en dus sal die pryse vandag in "extended" limiete ingaan. Die nuwe seisoen kontrakte word verweg om sensitief te wees vir weeromstandighede met goeie reën wat in groot dele van die land se mielie produserende streke geval het en waar aanplantings eersdaags behoort te begin.</p> <p>Sojabone: Sien weeklikse oilesade verslag</p> <p>Koring: Die VSA koringpryse het Vrydag onder druk gekom en al drie die tipes koring het die dag laer afgesluit. Die verliese wat Vrydag gesien was, was egter klein en daar was nie groot prysbewegings in die mark nie. Die daling in die pryse kan grootliks toegeskryf word aan die sterker dollar wat gesien word. Die Australiese koringpryse het Vrydag hoër gesluit en was ondersteun deur 'n swakke wisselkoers asook onverwagte storms oor die oostelike dele van die land, waar vrese vir oorstromings ontstaan. In die westelike pleine van die VSA se belangrike koring produserende streke was die weer heelwat droër gewees verlede week. Die USDA behoort in die nuutste weeklikse produksievorderingsverslag die koring produksie kondisie in te sit. Die verslag word later vandag bekend gestel. Groot wêreld voorrade word steeds verweg, alhoewel daar in sommige lande kwaliteitsprobleme mag voorkom. Plaaslik: Die plaaslike mark het ondersteuning gevind Vrydag en die mark het die dag hoër afgesluit. Die kontrak volumes is steeds relatief laag en die prysbewegings wat gesien word, is nie so groot nie. Die produsente in die Weskaap maak gereed om met die stropey te begin en die produksie omstandighede lyk goed vir goeie opbrengste. In die Oos Vrystaat is daar kommer met die hael wat verlede week oor groot gedeeltes geval het. Daar is vrese dat daar maontlike skade aan die produksies kan voorkom, maar die omvang van die maontlike skade is nog nie bepaal nie.</p>															
<p>Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za Opgestel deur: Luan van der Walt / Vir navrae, kontak: luan@grainsa.co.za</p>															